© Kopiereg

Conquesta 2014

(Internasionale Meervoudige-keuse Primêre Skool Olimpiades – Gev. 1998)
Conquesta, Posbus 99, Kloof, 3640, Suid-Afrika
Tel: (031) 764-1972 * Faks: (086) 637-7808 of (031) 764-0074
E-Pos adres: conquest@iafrica.com * Webtuiste: www.conquestaolympiads.com



Afrikaans 1 *(Huistaal)* – Graad 5

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood deur **SLEGS** 'n **swart of blou balpunt– of swart kokipen** te gebruik. *(Moet asseblief nie potlode, kleurpotlode, glimpenne, flaterwater of gom gebruik nie.)* Byvoorbeeld, as die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood. *(Sien voorbeeld 1 hieronder.)* Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word *(Sien voorbeeld 2 hieronder.)*

Voorbeeld 1:-

4.	a	b	■	d

Voorbeeld 2:-

4.	a	■	~~■~~	d

Maak gebruik van die leesstuk-uittreksel *''n Paar wonderlike voordele van troeteldier-eienaarskap'* *(verwerk uit Kyknet.dstv.com) en beantwoord vrae 1 – 22.*

'n Paar wonderlike voordele van troeteldier-eienaarskap



Besit van troeteldiere verminder blykbaar die waarskynlikheid dat 'n mens allergieë sal ontwikkel. Studies wys dat kinders wat grootword met troeteldiere 'n verlaagde risiko van die ontwikkeling van troeteldier-allergieë sowel as allergieë vir byvoorbeeld stuifmeel en swamme het. Die studie het ook bevind dat kinders wat blootgestel is aan troeteldiere (veral katte) 'n verminderde risiko van die ontwikkeling van asma toon.

Troeteldiere speel 'n belangrike rol in jou sosiale ontwikkeling en help om 'n positiewe selfbeeld te bevorder. Troeteldiere leer jou van troos, geselskap en vertroue.

Troeteldiere kan help om jou basiese vaardighede te leer, soos lees, sowel as om spraakafwykings, soos hakkel, te oorkom.

Honde verteenwoordig 'n konstante positiewe emosionele invloed, gee 'n gevoel van verantwoordelikheid en 'n gevoel van vryheid van konflik en teleurstelling. Jy sal gemaklik 'n hond uit 'n bos kan gesels.

Honde is geneig om te help om ons vlakke van oefening te verhoog. Honde-eienaars het altyd beter fisiese aktiwiteitsvlakke as eienaars van ander soorte troeteldiere.

1. **Gee 'n sinoniem vir *'blykbaar'*.**
   (a) beslis (b) altyd
   (c) nooit (d) waarskynlik

2. **Gee die selfstandige naamwoord vir die werkwoord *'besit'*.**
   (a) besete (b) sittende
   (c) besitting (d) sit

3. **Gee die werkwoord wat afgelei is uit die selfstandige naamwoord *'studies'*.**
   (a) studie (b) studeer
   (c) student (d) studente

4. **Rangskik die woorde in alfabetiese volgorde:**
   troeteldiere / waarskynlikheid / risiko / stuifmeel
   (a) troeteldiere / waarskynlikheid / risiko / stuifmeel
   (b) waarskynlikheid / troeteldiere / risiko / stuifmeel
   (c) risiko / stuifmeel / troeteldiere / waarskynlikheid
   (d) stuifmeel / risiko / troeteldiere / waarskynlikheid

5. **Die korrekte lettergrepe-indeling vir *'allergieë'*, is .....**
   (a) al-ler-gi-eë. (b) al-ler-gieë.
   (c) al-ler-gie-ë. (d) aller-gieë.

6. **Die afkorting vir *'byvoorbeeld'*, is .....**
   (a) bv. (b) bv (c) byvoorb. (d) bvbld.

7. **Die werkwoord *'blootgestel'*, is in ..... geskryf.**
   (a) die teenwoordige tydsvorm
   (b) die toekomende tydsvorm
   (c) ontkenning
   (d) die verlede tydsvorm

8. **Die verkleining van *'katte'*, is .....**
   (a) kattetjie. (b) katjies.
   (c) kattetjies. (d) kaatjies.

9. **Die antoniem van *'positiewe'*, is .....**
   (a) negatief. (b) positief.
   (c) neutraal. (d) negatiewe.

10. ***'Ontwikkeling'* is 'n voorbeeld van die gebruik van 'n .....**
    (a) agtervoegsel. (b) voorvoegsel.
    (c) stamwoord. (d) verkleinwoord.

11. **Die meervoud van *'risiko'*, is .....**
    (a) risikoes. (b) risikos.
    (c) risiko's. (d) risikoë.